‘Veeboere, neem beheer en finansier eie bedryf’

Met behoorlike finansiering uit eie geledere kan veeboere hulself teen moontlike siekte-uitbrekings staal én beheer neem oor die bedryf. Die bedryf doen dit in elk geval beter as wat enige regeringsubsidie kan regkry.

’n Uitbreking van bek-en-klouseer sal die veebedryf na verwagting R6 miljard kos. Volgens kenners is die risiko van ’n uitbreking baie hoog. Dit is net een goeie rede waarom die rooivleisbedryf moet inklim en beheer oor sy eie sake moet verkry. Die Regering sal dit ook ondersteun. FOTO: LBW-ARGIEF

Dit is belangrik dat die veebedryf sy toekoms in sy eie hande neem. Dié wekroep het onder meer vroeër vanjaar by ’n werksessie oor die veebedryf in Pretoria opgeklink (sien die artikel “Rooivleis: Só lyk die pad vorentoe”, *LBW*, 12 Mei 2017).

’n Groot afvaardiging van die belangrikste betrokkenes in die waardeketting (waaronder kommersiële boere, die groot voerkrale en die kleinhandel) het koppe bymekaargesit oor hoe eienaarskap geneem kan word. Daar is ook gepraat oor hoe die bedryf homself kan finansier sonder om voortdurend na die Departement van Landbou, Bosbou en Visery te kyk vir ondersteuning of aalmoese.

Van die ouer boere onthou nog met nostalgie die dae toe ’n groot persentasie van hul insette deur die regering gesubsidieer is. Die opvatting bestaan ook onder hierdie boere dat oorsese boere grootliks deur hul onderskeie regerings gesubsidieer word en dat die Suid-Afrikaanse Regering dieselfde moet doen.

Terwyl baie lande in die Europese Unie (EU) groot subsidies aan hul veebedrywe gee, is dit beslis nie die geval in baie ander ontwikkelde lande nie. **TABEL 1** toon dat subsidies wat aan boere gegee word, in die algemeen wêreldwyd besig is om te daal en dat Suid-Afrikaanse boere in sommige gevalle meer subsidies as byvoorbeeld Nieu-Seelandse boere kry en nie veel minder as wat aan Australiese boere betaal word nie.

Dit is ook onregverdig om Suid-Afrikaanse boere te vergelyk met Europese boere, wat baie min skape en beeste het. Die meeste ▸

KORTOM

- Deur nie in die toekoms te belê nie, plaas Suid-Afrikaanse rooivleisprodusente hulself geleidelik in ’n posisie waar hulle nie in staat sal wees om internasionaal mee te ding nie.
- Die internasionale norm vir belegging in ’n bedryf is 1,5% van die omset. Die statutêre rooivleisheffing in Suid-Afrika is net 0,1% van die omset en vergelyk swak met die land se internasionale eweknieë.
- Baie van die departemente diereproduksie aan Suid-Afrika se topuniversiteite erken openlik dat hulle nie die topstudente kan lok om diereproduksie, en veral dieregenetika, te bestudeer nie.

ontwikkelingspogings in Europa konsentreer sterk op hoender- en varkproduksie. Dit is omdat veeproduksie dikwels gesien word as 'n bedryf wat die moeite werd is om te subsidieer om mense op die plase te hou en die belangrike toerismebedryf te bevorder.

NIEU-SEELANDERS WEIER SUBSIDIES

Die Nieu-Seelandse regering het subsidies drasties verlaag en verwag van boere op om hul eie bene te staan en self die ontwikkelingskoste vir hul bedryf te betaal. Dit was aanvanklik moeilik, maar boere het doeltreffender geraak en geleer om sonder subsidies klaar te kom. Om die waarheid te sê, die bedryf daar weier nou om weer van die regering afhanklik te raak en sal subsidies weier, selfs al word dit hulle aangebied.

Baie lande volg nou die Nieu-Seelandse model en besnoei subsidies. Die ideale model vir baie lande is dat 'n bedryf die meeste van die geld vir die finansiering van navorsing en ontwikkeling deur 'n private maatskappy, gewoonlik 'n artikel 21-tipe maatskappy, voorsien en dan die regering oortuig om gelykstaande bydraes vir van die groot bedryfsverwante navorsings- en ontwikkelingsprojekte te gee.

HEFFING OP VEE IN SUID-AFRIKA

Die Suid-Afrikaanse rooivleisbedryf word deur 'n baie klein bedryfsheffing (TABEL 2) van 0,1% van die totale omset gefinansier. (Dit is tans net 0,05% ná die styging in vleispryse.) Vergelyk dit met die bedryfsgemiddelde van 0,6%.

Die huidige heffing op varkprodukte is byvoorbeeld 0,5% van die totale omset. Om minstens gelyk aan die varkbedryf te kom, het van die bedryfsleiers voorgestel dat die bedryfsbesteding nader aan R50 per dier in die vleisbeessektor (en 'n soortgelyke bedrag in die kleinveesektor) moet wees. Die huidige heffing op beesvleis is gelykstaande aan 'n eenmalige bedrag van sowat R10 per dier.

Die Amerikaanse Beef Checkoff-program het 'n verpligte heffing van een Amerikaanse dollar (sowat R13,80) elke keer as 'n transaksie in die waardeketting plaasvind. Nog $1 word gehef vir elke karkas of produk wat uitgevoer word.

Meat & Livestock Australia (MLA) hef A$5 (sowat R50) vir elke transaksie (vleisbeeste) en 2% van die verkoopprys by kleinvee. Die totale bedrag wat só ingesamel word, beloop A$267,3 miljoen (sowat R2,67 miljard) per jaar. Die Suid-Afrikaanse ekwivalent is R30 miljoen tot R50 miljoen vir produksie-ontwikkeling, 'n nietige bedrag vergeleke met Amerika en Australië.

Op die afgelope Aldam-veeskool het sowel mnre. Don Scheifelbein (regs), wat die strategiese plan vir die Amerikaanse vleisbedryf geskryf het, as Graham Truscott (links) van Australië gesê die enigste manier dat 'n bedryf kan vorder, is deur 'n markverwante statutêre heffing. Suid-Afrika se heffing van slegs 0,1% is van die laagste ter wêreld. Dit behoort minstens 1% tot 5% van die bruto inkomste te wees. FOTO'S: JOHAN NORVAL

TABEL 1: LANDBOUSUBSIDIES WAT DEUR REGERINGS AAN BOERE BETAAL IS (BEDRAE IN MILJOEN VSA$). DIT TOON DAT DIE SUBSIDIES IN DIE MEESTE LANDE AANSIENLIK AFGENEEM HET. DIT TOON OOK DIE ONGELYKHEID IN SUBSIDIES TUSSEN DIE EUROPESE LANDE EN LANDE SOOS SUID-AFRIKA EN NIEU-SEELAND.

	Jaar					
Land	2010	2011	2012	2013	2014	2015
Australië	1 293,36	1 576,49	1 007,60	1 085,69	721,51	588,80
Kanada	7 069,26	7 417,94	7 519,67	5 352,70	5 043,25	4 289,26
Chili	287,33	356,12	402,34	420,32	417,32	400,21
Israel	932,62	1 822,13	671,66	542,55	832,34	1 032,69
Nieu-Seeland	99,77	162,48	144,97	129,56	133,36	101,25
Noorweë	3 618,47	4 016,32	4 278,60	3 918,65	3 948,60	3 252,50
VSA	30 774,35	32 683,81	35 993,12	29 020,14	43 571,84	38 784,56
Europese Unie (28 lande)	104 901,85	108 988,43	110 542,61	120 825,61	108 213,78	89 986,99
Brasilië	9 283,76	11 473,51	6 872,98	6 193,20	7 280,35	4 092,12
Colombia	4 426,81	4 843,88	6 151,77	5 888,89	4 795,67	3 484,26
Suid-Afrika	338,47	549,74	712,53	569,78	499,61	697,51
Viëtnam	3 097,10	2 754,17	2 696,91	946,19	532,35	205,97

BRON: ORGANISASIE VIR EKONOMIESE SAMEWERKING EN -ONTWIKKELING (OESO).

Die MLA en die Beef Checkoff-program bestee die geld aan navorsing en ontwikkeling, bemarking en dieregesondheid.

Dit is 'n feit soos 'n koei dat 'n bedryf nie maklik 'n statutêre heffing aanvaar nie tensy die voordele duidelik verstaan word, vooruitgang aangedui en bereik word en dit tot aansienlike beter winste vir elke boer lei nie. In vorige artikels het ek byvoorbeeld daarop gewys dat Amerika in dieselfde bootjie as Suid-Afrika is in die sin dat hy ook net genoeg vleis vir sy bevolking produseer. Hy voer egter sowat 10% van die hoëwaardesnitte na fynproewersmarkte uit en voer 'n ekwivalente hoeveelheid laewaardesnitte vir meestal die hamburgermark in.

Van die geld wat deur heffings ingesamel word, word dus gebruik om uitvoermarkte te ontwikkel. Heftige debatte oor die manier waarop heffings bestee word, word gereeld deur boere in alle lande gevoer, maar die meeste se gesonde verstand laat hulle besef dat die bedryf sal stagneer en onmededingend raak as geen heffing betaal word nie of as die heffingsbedrag verminder word.

Prof. Michael Roberts, 'n wêreldkenner oor sakestrategie, lys belegging in navorsing en ontwikkeling as die eerste stap wat bedrywe moet oorweeg om te kan groei. Swak bestuurde bedrywe of sake-ondernemings bestee gewoonlik min aan navorsing en ontwikkeling, wat op lang termyn tot hul nadeel sal wees.

REGERINGSBETROKKENHEID

Soos reeds genoem, kyk die bedryf in Suid-Afrika dikwels na die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye om enige groot ontwikkelingsbehoeftes te finansier, byvoorbeeld nasionale dieregesondheidsinisiatiewe, die ontwikkeling van naspeurbaarheid, die ontwikkeling van uitvoermarkte of navorsing en ontwikkeling ten opsigte van diereproduksie.

'n Onlangse verslag het getoon dat 'n ernstige uitbreking van bek-en-klouseer die bedryf meer as R6 miljard sal kos. Dieselfde verslag toon dat dit uiters raadsaam sal wees om maatreëls gereed te kry en vroegtydig op te tree om die bedryf teen bek-en-klouseer te beskerm pleks van om te wag dat 'n ramp gebeur. So 'n uitbreking kan die bedryf verwoes. Die moontlikheid van 'n ernstige siekte-uitbreking moet alleen genoeg wees om die bedryf ernstig te laat dink oor hoe hy homself kan en moet finansier sonder om noodwendig na die Regering te kyk vir geld.

My ervaring is dat die departement daartoe verbind is om saam met die bedryf te werk en om openbare-private-vennootskappe te sluit waar nodig. Hy het beslis die bedryf bygestaan met die beesgenoomprojek waar hy ooreenstemmende finansiering van sowat R30 miljoen oor drie jaar verskaf het nadat die bedryf R120 miljoen bygedra het.

Dit is hoogs waarskynlik dat hierdie program weer gefinansier sal word, en gemeet aan internasionale standaarde is dit steeds 'n druppel aan die emmer. Die werklikheid is dat ten einde geld van die Regering te kry, moet die bedryf bereid wees om self die meeste van die geld te voorsien.

Nog 'n werklikheid in Suid-Afrika is dat die departement oorbelas en oorweldig is en dat hy ook sowat 60 000 kleinboere en ontluikende boere, wat 40% van die skape en beeste in die land besit, moet bedien. Dié mense het voor 1994 min hulp van die departement gekry. Om op die departement te reken om enige van die belangrike ontwikkelinge in die veebedryf te finansier, is onrealisties. Dit gaan eenvoudig nie gebeur nie.

STERK INSTELLINGS BELANGRIK

Volgens die Wêreldbank is die grootste enkele verskil tussen sukses en mislukking in 'n bedryf die sterkte van die instellings of sambreelliggame wat die bedryf ondersteun. Mislukte regerings sal bykans nooit goeie instellings of verteenwoordigende sambreelliggame hê nie en daar is min interaksie tussen die bedrywe en die regering. Hulle sal baie selde na 'n gemeenskaplike doel toe werk.

Aan die ander kant sal die meeste veebedrywe in die ontwikkelde wêreld 'n duidelike visie en strategie hê wat die ondersteuning van die hele waardeketting geniet. Die visie en implementeringsplan moet duidelike riglyne en tydlyne bevat, asook 'n duidelike finansieringsmodel van hoe die plan uitgevoer moet word sodat 'n gesamentlike visie bereik kan word. Om die duplisering van projekte te vermy, moet alle betrokkenes (insluitend die regering) die meesterplan ondersteun.

Die Suid-Afrikaanse veebedryf het goeie instellings, soos die rooivleisbedryfsforum, wat die nasionale organisasie vir opkomende rooivleisprodusente (Nerpo) en die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) insluit. Maar, soos hierbo genoem is, is die vlak van finansiering vir navorsing en ontwikkeling van die bedryf in Suid-Afrika nietig as dit met dié van internasionale mededingers vergelyk word.

Alle belanghebbendes moet ernstig self-ondersoek doen om 'n gesogte toekomstige posisie vir die bedryf te bepaal. My kollegas, departementshoofde van diereproduksie by die Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit van Pretoria, erken openlik dat hulle nie die topstudente kan lok om diereproduksie, en dan veral diereteelt en genetika, te bestudeer nie. Dié dissipline vereis 'n hoë vlak van belegging (en lewer baie resultate), maar die resultate is nie altyd dadelik sigbaar vir die bedryf nie. Dieselfde geld die ontwikkelingsinisiatiewe wat hierbo genoem is.

Die voordele van naspeurbaarheidstelsels is byvoorbeeld nie onmiddellik sigbaar nie, maar die meeste boere in enige land (soos Namibië) wat sulke stelsels het, verstaan die voordele. Die belangrikheid daarvan om groot dieregesondheidsinisiatiewe te finansier, spreek vanself, veral in Suid-Afrika waar grensbeheer swak is en daar gedurig 'n risiko van siekte-uitbrekings is.

IMPLIKASIES VIR DIE BEDRYF

Soos genoem, bestee ander lande hul heffingsgeld onder meer aan dieregesondheid, bemarking, navorsing en ontwikkeling en naspeurbaarheid. Dit sal in 'n volgende artikel in meer besonderhede bespreek word.

Die Suid-Afrikaanse veebedryf vaar tans goed ná die skielike styging in pryse, hoofsaaklik vanweë die droogte in 2015, 'n tekort aan vleis en in 'n kleiner mate uitvoer. Hierdie stygings sal in die volgende dekade afneem namate die kuddes en troppe tot hul normale vlakke herstel en die land weer op die internasionale mark met lande soos Amerika en Australië meeding.

Baie boere en bedryfsliggame kyk na die Regering vir die finansiering van groot ontwikkelingsinisiatiewe, soos nasionale dieregesondheidsinisiatiewe, die ontwikkeling van naspeurbaarheidstelsels, die ontwikkeling van uitvoermarkte en navorsing en ontwikkeling ten opsigte van diereproduksie. In werklikheid kom die meeste van die finansiering wat ons internasionale mededingers vir die ontwikkeling van die bedryf gebruik, van die boere self. Dié neiging sal voortduur.

Waar jy in Suid-Afrika sou verwag dat die veebedryf homself behoorlik sou finansier, kan die grootte van die statutêre heffing kwalik met dié van die land se internasionale mededingers vergelyk word. As die bedryf ernstig daaroor is om die maksimum waarde te verkry, moet hy dit ernstig oorweeg om beheer oor homself te neem met behoorlike finansiering. Byvoorbeeld, is R50 of R100 per dier met 'n karkaswaarde van R10 000 werklik te veel om te betaal? **LBW**

BRONNE: **https://goo.gl/Nrj36b; https://goo.gl/3K2N4y; https://goo.gl/Fkeqkh; www.beefusa.org; www.beefresearch.org; https://goo.gl/EFV67V**

Dr. Michael Bradfield het die grade B.Sc. aan die Universiteit van die Vrystaat, M.Sc. aan die Universiteit van Edinburg en Ph.D. aan die Universiteit van Nieu-Engeland verwerf.

TABEL 2: DIE TOTALE HOEVEELHEID STATUTÊRE HEFFINGS INGESAMEL, VOLGENS DIE NASIONALE LANDBOUBEMARKINGSRAAD SE VERSLAG OOR STATUTÊRE HEFFINGS WAT INGESTEL IS. DIT TOON DAT DIE ROOIVLEISBEDRYF DIE LAAGSTE STATUTÊRE HEFFING VAN ÁL DIE LANDBOUSEKTORE IN SUID-AFRIKA HET.

Produk	Heffingsinkomste (R)	Totale waarde van produk by eerste koopplek (R)	Heffingsinkomste as 'n persentasie van die waarde van die produk (%)	Heffings-insamelingskoers (%)
Sitrus (uitgevoer)	54 199 844	11 241 575 908	0,5	100
Katoenlint	1 933 555	168 000 000	1,2	100
Suiwelprodukte	46 585 458	9 754 000 000	0,5	113
Sagtevrugte	94 130 207	5 402 611 877	1,7	97
Droëvrugte	5 816 018	569 626 735	1	98
Fynbos (proteas)	367 495	59 818 787	0,6	98
Lusern	2 443 252	268 898 000	0,9	75
Makadamias	11 551 652	276 000 000	4,2	98
Olywe	871 754	66 043 180	1,3	56
Pekanneute	1 571 913	651 000 000	0,2	97
Varkvleis	24 737 146	4 772 306 000	0,5	106
Aartappels	38 203 447	7 100 000 000	0,5	98
Rooivleis	34 782 190	29 900 000 000	0,1	98
Sorghum	2 074 028	345 422 500	0,6	100
Tafeldruiwe	21 502 612	5 000 000 000	0,4	100
Wyn	87 210 168	4 727 000 000	1,8	100
Wintergrane	61 861 825	7 663 128 367	0,8	104
Totaal	489 842 564	87 965 432 354	0,6	96

BRON: HEFFINGSADMINISTRATEURS.

Baie lande volg nou die Nieu-Seelandse model en besnoei subsidies.